

Steek êrens in jou woonplek 'n kers aan terwyl jy lees.

Tema: Bekering in 'n spieël van 'n ander gesig?

Skriflesing: Lukas 13:1-9

Broodjies vir die pad

“Keep me away from the wisdom which does not cry, the philosophy which does not laugh and the greatness which does not bow before children.”

— Kahlil Gibran, *Mirrors of the Soul*

“Bea says that the art of reading is slowly dying, that it's an intimate ritual, that a book is a mirror that offers us only what we already carry inside us, that when we read, we do it with all our heart and mind, and great readers are becoming more scarce by the day.”

— Carlos Ruiz Zafón, *The Shadow of the Wind*

“Do you know what you are?

You are a manuscript of a divine letter.

You are a mirror reflecting a noble face.

This universe is not outside of you.

Look inside yourself;

everything that you want,

you are already that.”

— Rumi, *Hush, Don't Say Anything to God: Passionate Poems of Rumi*

“The best mirror is an old friend.”

— George Herbert

“Art is not a mirror held up to reality

but a hammer with which to shape it.”

— Bertolt Brecht

“How people themselves perceive what they are doing is not a question that interests me. I mean, there are very few people who are going to look into the mirror and say, 'That person I see is a savage monster'; instead, they make up some construction that justifies what they do. If you ask the CEO of some major corporation what he does he will say, in all honesty, that he is slaving 20 hours a day to provide his customers with the best goods or services he can and creating the best possible working conditions for his employees. But then you take a look at what the corporation does, the effect of its legal structure, the vast inequalities in pay and conditions, and you see the reality is something far different.”

— Noam Chomsky

“You use a glass mirror to see your face; you use works of art to see your soul.”

— George Bernard Shaw, *Back to Methuselah*

God in 'n ensiem

My dogtertjie weier
om verbruinde appelskywe te eet.
Jig! sê sy en klem haar arms vas.

Sy dink, glo ek,
iets boos het met
die appel gebeur.

Sy's bang vir wat sy nie
verstaan nie.

Bang vir wat sy nie
kan sien nie.

Bang vir dit wat
sonder rede is.

Tot ek haar vertel
van oksiderende ensieme.

Sien, daar is rede.

Dis nie toorkrag nie.

Skielik wonder ek:

Praat ek nou teen God,

die wonderwerkende God?

Wat's 'n chemiese reaksie? vra sy.

Ruk my terug na stoflikheid.

Dit maak alles nuut, sê ek.

Sit net suurstof

by 'n appel

en maak van 'n fenol 'n kinoon.

Maar daarvoor benodig jy 'n skuiling,

'n koesterende ruimte téén

invloede van buite.

En dis wat 'n ensiem is:

'n katalisator, 'n helpende hand,

'n bystander wat deelneem,

chemies verander en tog

onveranderd bly – dis

wat 'n ensiem is.

Maar hoe weet jy ensieme bestaan,

as niemand dit kan sien nie? vra sy.

Want ons sien hoe die appel verbruin.

Daar is uitvloei, sigbare vrug.

Dis soos God.

Daar is iets van God in 'n ensiem

en iets van 'n ensiem in God.

Marieta McGrath, 2022

“I have looked in the mirror every morning and asked myself:

"If today were the last day of my life, would I want to do

what I am about to do today?" And whenever the answer

has been "No" for too many days in a row, I know I need to

change something.”

— Steve Jobs

In swart-en-wit prente lyk dié oorlog anders

Dana Snyman

Die hoeveelste dag is dit nou al? Die dood en verwoesting. Te veel. Te veel.

Huiwerig skakel ek die TV aan. Ek wil weet, maar wil ook nie weet nie.

Op CNN stap 'n man deur 'n kraamhospitaal, wat deur 'n Russiese bom getref is. Bloedvlekke op 'n laken. 'n Teddiebeer tussen glasstukke op die vloer. Al Jazeera se verslaggewer is buite Marioepol, agter hom stap 'n tou mense, weg uit die stad wat brand: 'n Jong man stoot 'n ou tante op 'n kruuiwa. Die tante se bene is reguit en haar arms is styf langs haar sye, asof sy reeds 'n lyk is.

Buite is dit reeds donker. By my voete lê my twee honde en op die tafeltjie voor my is Isaac Babel, wat in Oekraïne gebore is, se versamelde kortverhale. Babel skryf baie oor die wreedhede wat hy in die 1900's in daardie wêreld beleef het.

'n Maand gelede was Oekraïne vir my nie veel meer as die naam van 'n land in die voormalige Sowjetunie, Babel se land, met 'n president wat 'n TV-ster was nie.

Nou is dit anders. Die oorlog sypel jou gedagtes in, as jy jou weer kom kry, stap jy in die Spar en wonder hoe sal dit wees as hier nou 'n sirene blaas en julle almal moet na 'n bomskuiling toe skarrel. Gaan ons die krom oom met sy skuifelstappie by die groenterak betyds daar kry?

En die Russe, aan hulle dink ek ook – veral die jong soldate. Wil hulle régtig daar wees? “The chronicle of our workday offences oppressed me without respite, like an ailing heart,” skryf Babel in een storie.

Dit was beter toe 'n mens nog 'n oorlog slegs in swart en wit kon sien.

Hoe meegevoer was ons nie deur The World at War, 'n dokumentêre reeks oor die Tweede Wêreldoorlog, in die beginjare van TV in die land nie. Byna alles in swart en wit.

Oorlog in swart en wit is soos 'n kiekie in 'n geskiedenis-handboek op skool. Dit interesseer jou, maar emosioneel laat dit jou koud.

Nou sien jy alles in volkleur in jou sitkamer, soms terwyl dit gebeur.

Die honde, die hele tyd kyk ek of ek 'n hond kan sien wanneer hulle die oorlogstonele op TV wys. En jy sien honde: 'n Husky-rige hond saam met 'n vrou op 'n kombers in 'n bomskuiling. 'n Bont brakkie wat deur 'n sloot draf waar 'n brug opgeblaas is. 'n Jong borzoi in 'n man se arms. En waar sou die katte wees?

Nie eens die bye spring 'n oorlog vry nie. Die honger soldate is agter die heuning aan.

“I felt sorry about the bees,” skryf Babel. “The fighting armies treated them most brutally. There were no bees left in Volhynia.”

Babel is in 1939 deur Josef Stalin se geheime diens in hegtenis geneem en in 1940 het hy in 'n tronk in Moskou voor 'n vuurpeloton gesterf. 'n Diktator kan alles verdra, behalwe die waarheid.

Laataand skakel ek die TV af. Die honde stap agter my aan na my kantoortjie waar elkeen op sy eie matras slaap. Dit is bewolk, jy kan nie sterre sien nie.

Dalk verander iets in die nag.

<https://www.netwerk24.com/netwerk24/stemme/menings/in-swart-en-wit-prente-lyk-die-oorlog-anders-20220311>

Brood vir die pad

Dié Griekse woorde vir liefde kan ons baie leer

Lourens Brink

Valentynsdag is die een dag waar sommige van ons 'n bietjie meer oor die liefde besin. Enkellopendes soos ek vind liefde in

'n koppie koffie. Die dag word egter grotendeels gekoppel aan romantiese liefde, maar daar is ook ander liefde, soos *agape*-liefde, wat op hierdie dag gevier kan word.

Agape, uit die Grieks, verwys na die Bybelse konsep van 'n soort onvoorwaardelike liefde wat gekenmerk word deur opoffering en wat altyd soek na die beste vir die ander persoon. Dit ontwikkel oor tyd en kan op aarde die duidelikste gesien word tussen ouer en kind. Om ander met liefde te hanteer sonder enige voorwaardes of om iets terug te verwag, is 'n uitdaging, maar ek glo hierdie liefde is die ware liefde. Ek glo ook dat die ander vorme van liefde vloei uit *agape*.

Deur egter net te fokus op romantiese liefde, *eros*-liefde, waar hormone en tjoklits die hoofrol speel, kan ons maklik in clichés vasval en ook ongesonde verwagtinge skep deur die ander soorte liefde af te skeep.

Dit is so dat romantiese liefde gevier moet word. Dit is wonderlik om te hoor hoe mense mekaar gevind het en jare later steeds saam is. Daar is honderde boeke, gedigte, fliëks en musiek wat handel oor die liefde. Een van my gunsteling liefdesliedjies is Elvis Presley se “Can't Help Falling in Love”. Ons het definitief meer sulke verhale nodig!

Die probleem is wanneer hierdie liefde voorgedou word as die enigste vorm van liefde. Die vermaakbedryf skets soms 'n baie onrealistiese en ongesonde prentjie hieroor. Enkellopendes word ook makliker gestigmatiseer. 'n Voorbeeld hiervan is toe iemand my gevra het hoekom ek nie op my ouderdom al getroud is nie. Hulle het my ook so bietjie soos 'n melaatse hanteer!

Een van die ander soorte liefde is “*philia*”. Dit is eintlik die liefde wat 'n mens vind in 'n hegte vriendskap. Nie almal is gemaklik daarmee as vriende in die openbaar wys hul gee vir mekaar om nie, veral wanneer dit by vriendskappe tussen mans kom. Die akteur en liedjieskrywer Kris Kristofferson vertel oor sy vriendskap met Johnny Cash waar hul gereeld vir mekaar gegroet het deur te sê: “I love you.” Aan die begin was Johnny Cash sy mentor gewees, maar hulle was later soos broers wat nie skaam was om te wys dat hul omgee vir mekaar nie.

“*Storge*” is die laaste vorm van liefde. Dit is liefde wat mens ervaar binne 'n gesin of familie, maar dit is ook nie net beperk tot die gesin nie. 'n Voorbeeld hiervan was Bob Saget. Verskeie van sy vriende en familie het gepraat oor sy liefde vir ander. Die ander akteurs wat destyds saam hom op die stel van *Full House* gewerk het, het almal getuig dat hy soos 'n pa vir hulle omgee het en gereeld herinner het dat hy vir hulle lief is. “*Storge*” kan dus ook verwys na liefde vir mense wat soos familie voel.

Ek is oortuig daarvan dat een van die redes hoekom mense eensaam kan voel, is oor die ander soorte liefde soos hierbo uiteengesit dikwels afgeskeep word. Ons kan maklik beïnvloed word deur fliëks en selfs sosiale media dat romantiese liefde die enigste soort liefde is wat ons werklik gelukkig sal maak. Die gevaar is dat ons later die ander liefde en mense wat werklik omgee sal verstoot net om hierdie een liefde te vind.

Mag ons dus hierdie Valentynsdag die liefde in alle fasette vier! Koop vir iemand koffie, selfs al is dit nie “die een” nie, komplimenteer die persoon wat werk by die Spar, stuur vir iemand net 'n opbouende boodskap of sê jy waardeer hulle, of gaan kuier saam met vriende en familie. As daar iemand is wat effens eensaam is, maak hulle deel daarvan.

<https://www.netwerk24.com/netwerk24/skole-studente/die-student/die-griekse-woorde-voor-liefde-kan-ons-baie-leer-20220212>

wynandgnel@outlook.com 082 901 5877